Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Mei 2011



Ek sien 'n nuwe hemel kom

Lees binne...

- **Mense wat soekend is** – 1
- **Ek sien 'n nuwe hemel kom** – 2
- **Bewoon, bewerk en bewaar?** – 3
- **Noodroep uit Japan** – 4
- **Maak ons erns met Jesus Christus?** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Mense wat soekend is (Prof Andries van Aarde)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Ek sien ’n nuwe hemel kom
  Ons groet ’n besondere mens
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Bewoon, bewerk en bewaar? (Ds Willem Sauer)
  Op die wêreldfront (Dr Jaco Beyers)
- Bl 4 **Kerkwêreld**
  Noodroep uit Japan (Dr Stéphan van der Watt)
  GKSA verloor ’n leier
  Nuwe redakteur vir *Kerkbode*
- Bl 5 **Kerkwerf**
  Morgenzon 75 jaar
  Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
  Maak ons erns met Jesus Christus? (Steve Oxton)
  Soek na die waarheid (Dr Gafie van Wyk)
  Het almal vergeet om bly te wees? (Annatjie Pretorius)
  Ons leef vanuit ’n teokrasie (Cecilia Prinsloo-Van der Linde
  Wat sou Jesus doen? (Danie Papenfus)
- Agterblad **Oordenking**
  Hemelvaart (Ds Pierre Jacobs)

Ek sien ’n nuwe hemel kom

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: As die skrywer van die boek Openbaring homself die hemel voorstel, sien hy onder andere in hoofstuk 21 ’n fontein wat aanhoudend water gee. Die ekwivalent daarvan in ons Suid-Afrikaanse konteks sou sekerlik ’n draaiende windpomp kon wees. In ’n mens se geestesoog sien jy al hoe die windpomp die water aanhoudend uitspoeg in ’n sementdam wat reeds oorloop. Maar helaas sien ons hier op aarde rondom ons talle stukkende windpompe. Die gebrokenheid van hierdie lewe kom op soveel maniere na vore.

Ons sien dit in natuurrampe soos die aardbewing en tsoenami wat Japan getref het. Ons natuurlike hulpbronne, waarvan water een van die belangrikstes is, word op verskillende maniere bedreig. Maar dit is die gebrokenheid in die Kerk self wat op die oomblik vir ons die pynlikste is. Die verdeeldheid wat daar is en wat nie tot rus kom nie, is ’n ontnugtering.

Die kerk is ook deel van die gebroke wêreld waarin ons leef. Ons behoort soveel meer bedag te wees daarop dat ons mense nie sal seermaak en uitsluit nie. *Die Hervormer* wil weer eens ons aandag daarop vestig en vra vir persoonlike selfondersoek. In watter mate dra ek daartoe by dat mense seerkry en uitgesluit word? In ’n sekere sin is ons almal maar soekers in die lewe. Ons grootste troos bly egter dat God die groot Soeker is, die Een wat eerste na ons gesoek het. Soos destyds in die tuin van Eden: *Mens, waar is jy?*

Al hierdie voorbeelde van gebrokenheid om ons laat ons opnuut verlang en uitsien na ’n bedeling van volmaakte harmonie, vrede en vreugde. Jesus Christus se hemelvaart verseker ons dat ons tog daaraan deel het. Mag die stukkende windpompe om ons, ons net nog meer vasberade maak om die hoop van Jesus Christus in ’n gebroke wêreld uit te leef.

*** Die redaksie van *Die Hervormer* dra hiermee ons gelukwense aan die Kerk se gesinstydskrif *Konteks* oor met die viering van die tydskrif se 21ste bestaansjaar. Die tydskrif het naas die ander kerklike publikasies die afgelope jare ’n besondere plek in die Kerk se kommunikasie ingeneem. Mag *Konteks* van krag tot krag gaan en steeds ’n instrument in die Here se hand bly. Baie geluk aan die twee redakteurs van die afgelope 21 jaar, drr Paul de Beer en Wian Kloppers, met hierdie mooi mylpaal. Elke uitgawe getuig van keurigheid.

****

Mense wat soekend is

Prof Andries van Aarde skryf oor die verskillende vorme van marginalisasie. Mense kan so ver na aan die kant van die samelewing beweeg of gestoot word dat hulle as’t ware oor ’n afgrond stort. Marginalisasie kan inderdaad so ver gaan dat die randpersoon in die oë van ander en selfs in die eie oë só ’n nikswerd word dat geestelike en ook fisiese doodgaan die gevolg is van emosionele teistering, uitsluiting en geestelike aftakeling.

Ook in die Bybel is daar talle voorbeelde van mense wat soekend is. Mense wat na God verlang en nie die taal het waarin hulle hul versugtinge kan oorvertel nie. Mense wat woordeloos, stemloos, geword het. Al waarvan hulle weet, is hul leegheid en dat hulle soekend is. Maar in die tekste word hulle verseker dat God hoor wanneer iemand met seer God aanroep.

Daar is baie randpersone wat slagoffers van marginalisasie is wat op hulle afgedwing is. Dit raak armes en dakloses, maar ook diegene binne enige sosiale stand wat op grond van gangbare maatstawwe nie 'n geleentheid gebied word om in die samelewing, ook in die kerk, betekenisvol 'n rol te vervul nie. Iemand kan ook vrywillig kies om buite die algemeen aanvaarde norme, oortuigings en gedrag te leef. Wat ons meesal onder marginalisasie verstaan, is egter die verwerping wat op jou afgedwing word.

Die stryd teen marginalisasie is om weerstand te bied teen etikettering en stigmatisering. Wees veral agterdogtig wanneer aan jou verkondig word dat God, Bybel of kerk van jou verwag om volgens die kulturele gewoonte te leef. God is nie net God vir mense wat hulle in die sentrum van samelewings en instellings bevind nie. God kan nie in 'n boks gesit word nie. God is nie kerk nie, en kerk is nie Bybel nie. Dit het die Kerkhervorming ons tog geleer.

Wat soek die soeker? Die soeker wat vry is, soek vir God. Waar vind jy vir God? Omdat God nie die kerk of die Bybel is nie, en ook nie in alles is nie, soek jy vir God orals – en glo my, jy kan God steeds ook in die kerk vind. Maar dan moet die kerk my toelaat om soeker te wees. Soekend wees, is 'n vorm van geloof.

Miskien moet die kerk meer daarvan maak om vir God in Jesus van Nasaret te soek. Jesus: dié soeker wat vry Jood was, en deurentyd gevind is anderkant die grense van sy eie nasionaliteit en etnisiteit, en – afgesien van ander se geslagtelikheid en godsdiens – God vir húlle geword het wat God waarlik in vryheid soek.

****

Aktuele sake

Ds Willem Sauer vra of ons nog die opdrag in Genesis 2: 15 om die aarde te bewoon, bewerk en bewaar, nakom. Ek en jy is as rentmeesters aangestel oor dit wat die Here vir ons bied. Dit is die Here se aarde, dit is die Here se hulpbronne. Ek en jy kan tog nie die natuurlike hulpbronne vir eie selfsugtige gewin opgebruik nie – ons moet tog aan ons nageslag dink.

Ek en jy kan 'n verskil maak in plaas van om passief toe te kyk hoe ander probeer om te keer dat die wêreld bewerk word sonder dat dit bewaar word. Kom ons maak 'n verskil in die omgewing waar ons woon. Kom ons spaar elektrisiteit, kom ons spaar water, kom ons herwin, kom ons plant bome. Kom ons laat ook 'n groen spoor agter ons, maar met die verskil dat ons dit doen omdat ons die Here wil dank vir dit wat Hy aan ons gegee het.

Dr Jaco Beyers skryf oor interessante uitsprake wat gedurende Maart vanjaar deur die Pous en die Dalai Lama gemaak is.

Die Pous, Benediktus XVI, het dit weer eens onomwonde gestel dat die Rooms-Katolieke Kerk die Jode vrystel van skuld aan die dood van Jesus. Die Roomse Kerk het dieselfde uitspraak in 1965 gemaak, maar die Pous het nou beklemtoon dat die Jode nie inherent of selfs kollektief verantwoordelik gehou kan word vir die dood van Jesus nie.

Die geestelike leier van Tibet, en van baie Boeddhiste wêreldwyd, het op 14 Maart voor die Tibettaanse parlement gepleit om af te tree as politieke leier van Tibet. Sy argument is dat hy nou die ouderdom van aftrede bereik het (75 jaar) en dat hy die oorgang van mag wil vergemaklik deur nie in die pad van 'n demokratiese proses te staan nie. 'n Leier met gesondheid en goeie oordeel is nodig om 'n volk te lei.

In die lig van politieke ontwikkelinge elders in die wêreld, veral in Afrika, is dit vermeldenswaardig dat die Dalai Lama vrywillig afstand doen van politieke mag. Deur so 'n stap stel hy 'n voorbeeld vir politieke leiers wat soms outokraties en gewelddadig vasklou aan 'n magsbasis. Dalk kan die besluit van die Dalai Lama, 'n ontvanger van die Nobelprys vir Vrede in 1989, nuwe stimulus gee aan 'n skynbaar wanhopige vredesproses in Afrika.

****

Kerkwêreld

Dr Stéphan van der Watt, 'n NG predikant wat voltyds sendingwerk in Jpan doen, vertel van die vrae waarmee sendelinge en slagoffers in Japan worstel. Waar sien en hoor ons God in hierdie gebeure? Hoe raak die rampe die sendelinge en Missie Japan en die breër kerk in Suid-Afrika se roeping na en die uitvoering daarvan in Japan? Hoe bied God vir ons geleenthede om sy wil te doen saam met plaaslike kerke?

Die gevolgtrekking is dat die Japanse regering en bevolking oor die wil en al die vaardighede, tegnologie, infrastruktuur, logistiek en selfs bronne beskik om die reuse uitdagings op fisiese en materiële gebied – byvoorbeeld voedsel, sekuriteit, skuiling, werksgeleenthede – op die lang duur te kan hanteer. Die voorstel is dat die kerk veral op die sielkundig-emosionele en geestelike gebied moet fokus, dus die pastorale versorging van mense. Dit vereis luister- en beradingsvaardighede. Die meeste plaaslike kerke het egter tans met dringende pastorale behoeftes te kampe.

Die sendelinge se voorstel is dat Missie Japan en die breër kerk in Suid-Afrika, saam met ander kerke en Christelike organisasies, behoort te oorweeg om die plaaslike Reformed Church in Japan (RCJ) en ander kerke in Japan te help om hierdie nood binne en buite die kerk te help hanteer.

Daar is ook kerkgeboue wat verwoes of erg beskadig is, pastorieë ingesluit. Die kerk van buite kan beslis help met die herbou van kerkgeboue sodat die plaaslike kerk ’n ware toevlugsoord sal wees en ’n bediening sal hê binne die geteisterde gemeenskappe (dalk kan dit selfs ’n ruimte word waar pastorale hulp permanent verleen word). Hierdie kan ook ’n geleentheid vir Suid-Afrikaanse kerke wees om met die plaaslike gemeentes te skakel en op ’n konkrete wyse betrokke te wees.

Die uitvoerende bestuur van Missie Japan het reeds ’n amptelike brief aan die plaaslike RCJ se verteenwoordigers gerig, met voorstelle oor moontlike inisiatiewe wat ons as sendelinge saam met die plaaslike gemeentes kan aanpak. Praktiese voorstelle oor die moontlike aanwending van die rampfonds is ook gemaak. Danksy ondersteuners word die eerste R250 000 binnekort oorbetaal!

Besoek www.missiejapan.co.za, of stuur ‘n e-pos aan stephan@missiejapan.co.za.